Hoekom? En Hoe?

Hoekom onder die water gedruk word?

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 8 November 2025

’n Ongemaklike ete

’n Baie belangrike geestelike leier nooi vir Jesus op ’n Sabbatdag vir ete. Een van die gaste, dis tien teen een vooraf met kwadebedoelings so afgespreek, is ’n man wie se liggaam skei nie geoeg vog afskei nie. Dalk ’n nierkwaal. Gaan Jesus hom op ’n Sabbatdag genees? Jesus sien dis ’n strik, en Hy maak die man gesond. “Wie van julle se esel of os sal in ’n put val, wat dit nie dadelik op die sabbatdag sal uittrek nie?” vra Hy hulle, en hulle het geen antwoord nie.

Dan kyk Jesus na wat om die tafel aangaan, hoe die gaste wedywer vir die beste sitplekke in die vertrek, naaste aan die belangrike gasheer. Hy sê vir hulle daar is ’n ander soort lewe, soek die onbelangrikste sitplek. Só ’n soort lewe sal op die einde ’n baie groter lewe wees. Die lewe van selfvernedering.

Selfs die belangrike gasheer word nie gespaar nie. “Hoekom nooi jy net jou vriende en familie en ryk mense met status?” Daar is ’n ander soort lewe. Waar jy net soveel omgee vir armes, kreupeles, rantfigure.

Een van die gaste is opreg beïndruk met Jesus en roep uit dat so ’n lewe wat eendag in die koninkryk van God sal feesvier die ware lewe is.

Dan vertel Jesus ’n gelykenis van mense wat uitgenooi is na ’n maaltyd. As die tyd vir die fees kom stuur elkeen ’n dienskneg met ’n verskoning hoekom hy nie kan kom nie, “Ek moet na ’n nuwe stuk grond wat ek gekoop het gaan kyk. Ek moet ’n nuwe span osse gaan uitprobeer. Ek het pas ’n vrou getrou.” Die gasheer stuur sy diensknegte om armes, verminktes, kreupeles en bindes te nooi, en mense selfs te probeer dwing om te kom, totdat sy huis vol is.

En dan is Jesus se verduideliking …

’n Ongemaklike uitnodiging

Lukas 14:26-33
26As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.
27En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.
28Want wie van julle wat ’n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? —
29sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot
30en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.
31Of watter koning wat optrek om teen ’n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en beraadslaag of hy in staat is om met tienduisend die een te ontmoet wat met twintigduisend teen hom kom nie?
32Anders stuur hy ’n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.
33So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.

Dink jou in. ’n Jong man. Net oor die dertig jaar oud. Tussen baie belangrike geestelike leiers. Die elite van die Jode. Mense wat glo in die God van Israel. Mense wat die Ou Testament beter ken as enige iemand anders. Tussen hierdie mense sê die nuwe kontroversiële reisende prediker sulke dinge: “Jy moet my dissipel word, my volgeling. Jy moet by My kom leer van hierdie selfvernederende, selfopofferende anderse soort lewe. En as dít nie vir jou belangriker is as enige ander verhouding of saak in jou lewe nie, is jy een van daardie mense van wie Ek nou gepraat, wat die fees gaan mis.”

Dink aan die boodskap. Vandag sou so ’n rondreisende prediker se bemarker Hom dalk wou help met ’n beter bemarkingsaanslag, “Jesus, doen vir eers net wonderwerke. En praat van liefde en genade. Moenie nou praat van ‘bereken die koste, maak jou somme, kyk of jy kans sien’ nie.En later, as iemand jou eers goed ken, leer hom dan eers van opoffering en om jou Moenie nou praat van jou pa en ma en alle ander dinge verlaat nie. Wees wys. Kom ons bou eers jou gehoor. Werk saggeid met hulle. Hulle kan later meer leer oor die dieper lewe. Jy wil tog, soos jyself gesê het, die huis vol kry.”

Maar Jesus, iemand soos Hy was daar nog nooit nie. Deur die eeue volg honderde miljoene die Een met die mees skokkende boodskap ooit: Kom sterf. En nie net sterf nie, sterf elke dag, sê Jesus in:

Lukas 9:23-25
23EN Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis **elke dag** opneem en My volg.
24Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.
25Wat baat dit ’n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?

Hy moet homself verloën. Wat beteken dit?

verloën:
ἀρνησάσθω arnēsásthō, vanaf ἀρνέομαι (arnéomai): Om te weier om aandag aan iets te gee of besorgdheid daaroor te toon—‘om dit te verontagsaam, geen aandag daaraan te gee nie, **om daarvoor nee te sê**.

Om vir jouself nee te sê. “As jy vir My ja wil sê moet jy bereid wees om vir jouself nee te sê.”

Die uitnodiging, die vreemde uitnodiging: “Kom, verloën jouself, draai jou rug op jouself, neem elke dag ’n kruis op. Verloor jou lewe elke dag. Sê vir houself elke dag nee.” Geen mens in hierdie wêreld sal ’n volgeling kry met só ’n uitnodiging nie. Net Jesus. Hierdie jong, radikale rabbi wat sê die enigste lewe wat waarlik sal bevredig, is die soort lewe waarmee Hy jou kan help, waar jy jou eie lewe veloor.

Die paradoks van paradokse, die soort lewe waarmee Hy jou help, as’t ware jou rug op jou eie begeertes en belange draai, waar ’n jy afsien van alle besittings, sê Jesus is ’n oorvloedige lewe …

En dit bring ons by die doop.

Matthéüs eindig sy evangelie met een van Jesus se laaste opdragte voor sy hemelvaart …

’n Ongemaklike opdrag …

Matthéüs 28:16-20

16En die elf dissipels het na Galiléa gegaan, na die berg waar Jesus hulle bestel het.
17En toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid; maar sommige het getwyfel.
18En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
19Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
20En kyk, En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Maak dissipels. Wat is dit? ’n Dissipel, ’n volgeling? Presies dit wat ons nou-net gesien het waarvan Jesus gepraat het.

Lukas 14:26-27, 33
26As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.
27En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie…
33So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie.

Jesus stuur sy volgelinge die wêreld in met ’n ongemaklike opdrag, om vir mense te gaan vertel van ’n soort lewe. Hierdie vreemde lewe waar jy vir jouself nee moet sê, jou rug op jouself moet draai, jou mense en besittings, die verhouding wat jy voorheen met hulle gehad het, moet laat vaar. En hulle wat hierdie boodskap hoor, en dit glo, en hoor dat Jesus sy lewe gegee het om hulle te verander om so te kan lewe, hulle moet gedoop word. Hoekom? Wat is so belangrik aan die doop, dat die oomblik as iemand hierdie soort lewe kies, hy dadelik gedoop moet word. Asof die doop ’n soort skeidslyn is. ’n Oorgang. ’n Onomkeerbare datum. ’n Finale omkeer. ’n Rubicon.

En dit bring ons by ’n baie groot woord …

Epogmakend

’n Epog is ’n gebeurtenis wat so belangrik is dat die tyd vóor die gebeurtenis en die tyd daarna as’t ware gesien kan word as twee verskillende eras. Só was Covid 19, en so was 9/11. As jy getroud is dan was jou troue ’n epogmakende oomblik. As jy kinders het dieselfde.

En die heel grootste grootste epogmakende oomblik in ’n mens se lewe … bekering. Die oomblik, of seisoen, (dit kan oor ’n tydperk gebeur) wanneer jy glo wat Jesus sê, en begeer om Hom te volg. Die oomblik wanneer jy oorgee aan ’n soort kennis wat in jou binneste begin het dat die lewe wat jy tot op hede geleef het sal uitloop op teleurstelling. Dat dit ’n soektog sal wees na dinge wat jy meen jou sal bevredig en gelukkig maak, maar dit nie sal kan doen nie. Die oomblik dat jy besef dat jy jou rug sal moet draai op jou idees, op jouself, op jou eie beheer, jou eie verstaan, jou eie begeertes.

Dis ’n vernederende dag. Die dag as dit tot jouself deurdring dat jy jou eie grootste vyand is.

Vir ’n epogmakende gebeurtenis soos 9/11 is daar ’n monument gebou. Word daar elke jaar herdenkings gehou op die dag en datum. Word mense herinner aan wat gebeur het. Word die voornemens om dit nooit weer te laat gebeur nie hernu.

Vir epogmakende gebeurtenisse, soos ’n troudag of ’n geboortedag van ’n kind, word rituele gevestig wat ons herinner aan hoe betekenisvol daardie dag was, en hoe kosbaar dít is wat daarop gevolg het, hoe dit ons lewe geïmpakteer het.

En vir die grootste epogmakende oomblik in enige mens se lewe, die dag as jy omdraai, wegdraai van jouself af, erken dat Jesus reg was, “Ek moet myself verloën, nee sê vir myself,

anders gaan ek myself vernietig," is daar ook 'n monument, 'n altaar wat opgerig word, 'n datum. Dit wat Jesus in een van sy laaste opdragte voorgeskryf het: "Maak dissipels, en doop hulle ..."

Om mense onder die water te druk **in die naam van die** Vader die Seun en die Heilige Gees. In die naam van ... namens, asof God dit self doen. Asof God 'n mens self onder die water indruk. Hoekom? Wat is die sin daarin? Was dit maar net 'n primitiewe gebruik, dieselfde as die reinigingsgebruike, toe aanbidders hulleself gewas het voor hulle in die tempel ingegaangaan het? En het dit daarom vandag nie eintlik meer dieselfde betekenis nie? Hoekom sê Jesus wanneer iemand 'n dissipel word, oorgee, glo dat Jesus se soort lewe die enigste oplssing vir 'n mens is, dat hulle wat so 'n persoon van Jesus vertel het hom onder die water moet indruk?

Ek is oortuig dat die doop in 'n moderne kultuur, en in ons elkeen se persoonlike lewe, die doop selfs meer meer noodsaaklik en betekenisvol is as in die tyd van die eerste kerk.

Want die moderne mens is byna immuun teen enige filosofie, idee, boodskap, dat hy fataal besoedel, verwond en hulpeloos is om homself te help met sy diepste krisis.

Die doop kan 'n krag in my lewe word. Meer as net 'n historiese, afgehandelde gebeurtenis. Dit kan 'n deurslaggewende impak op my lewe hê. Hoe sal dit jou verander as jy lewe met die taal, die woorde wat gebruik word wanneer die Nuwe Testament oor die doop praat? Taal wat aanhoudend die rede gee vir Jesus se radikale uitnodiging: Verloën jouself elke dag, sê elke dag nee vir jouself, verneder jouself elke dag, gaan elke dag dood, word elke dag gekruisig.

Die doop is 'n begrafnis

Romeine 6:4-6:
Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde.

Kolossense 2:12
... julle is saam met Hom begrawe toe julle gedoop is en julle het saam met Hom in 'n nuwe lewe ingegaan omdat julle glo dat God deur sy krag vir Christus weer lewendig gemaak het.

Die doop is 'n dood, 'n begrafnis en 'n opstanding. En elke dag daarná is dit soos 'n monument, of dalk in 'n meer moderne idioom, soos om 'n whatsapp te kry, "Onthou, jy het die simboliese begrafnis en opstanding fisies uitgebeeld, soos 'n eerste kontrak, 'n epogmakende nuwe begin, hier is jou aanmaning: onthou om vandag orals te gaan doodgaan. As jy my dissipel wil wees moet jy jou kruis elke dag opneem."

Dis wat jy doen in jou stiltetyd. Die eerste doodgaan van die dag. Vir jou eie agenda. Jou eie tyd. Jou eie pas. Jou opstaan word voorafgegaan deur jou eie buig, doodgaan.

Sterf voor jy sterf. Sterf elke dag. Ná die dood is dit te laat om dood te gaan.

Selfs ongelowiges ken die lewenswet dat jy nie kan lewe as jy nie sterf nie. Elke groot pianis het 'n duisend keer gesterf in sy klavier-oefeninge terwyl sy vriende hulleself geniet. Elke atleet, akademikus. Elke spaarsamige sterf dikwels wanneer ander nuwe skuld aangaan.

Maar die dieper doodgaan—daarmee kan net Jesus 'n mens help. Om te erken dat ek iets in

my het wat so toksies is dat dit doodmaak—myself en ander. Om die selfsug en hoogmoed, die verskuilde sug na erkenning, bewondering, aanvaarding. Om te erken daar staan elke dag ’n donker egoïstiese koning in my binneste op wat hoër, slimmer, beter, belangriker, heiliger (self nederiger en meer toegewyd) as ander wil wees., Wat nie hou van buig voor ander nie, ook nie voor God nie. Wat nie wil dien en die minste wil wees nie. Wat nie wil erken ek was verkeerd nie. Veral nie teenoor jou man of vrou nie.

Die hemelse whatsapp kom elke dag: Jy is begrawe in die doop en het opgestaan in my soort lewe. As jy my disippel wil wees moet jy dit elke dag doen. Onthou jou doop. Sterf elke dag. Stukkie vir stukkie. Tot daar niks oor is wat jy in die diepste sin van die woord jou eie kan of wil noem nie.

“Give me all. I don’t want so much of your time and so much of your money and so much of your work. I want You. I have not come to torment your natural self, but to kill it. No half measures are any good. I don’t want to cut off a branch here and a branch there, I want to have the whole tree down. I don’t want to drill the tooth, or crown it, or stop it, but to have it out. Hand over the whole natural self, all the desires which you think innocent as well as the ones you think wicked—the whole outfit. I will give you a new self instead. In fact, I will give you Myself: my own will shall become yours.” C. S. Lewis

En dan, miskien nog meer vernederend …

Die doop is ’n bad

Saulus, ’n sterk Joodse leier uit die Fariseërs, glo nie in die boodskap van Jesus nie. Hy glo nie hy is vuil nie. Hy is rein. Hy is ’n Joodse geleerde. Hy hou die wet. Dan verskyn Jesus aan hom in ’n gesig en hy kom tot bekering. En as Annanias, ’n volgeling van Jesus by hom kom, is die eerste ding wat Ananias vir Paulus sê om te doen …

Handelinge 22:16
En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

Paulus, jy is vuil. Jy moet gewas word.

Kyk hoe skryf Petrus oor hierdie innerlike afwas …

1 Petrus 3:20-21
20 … Net ’n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered.
21Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete …

’n Bede tot God om my gewete skoon te maak …

Was my. Dis wat Dawid gebid …

Psalm 51:4-6,9
4Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.
5Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my.
6Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. …
9Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu.

Hoe sal dit wees om dit baie ernstig op te neem dat my innerlike, net soos my liggaam,

daagliks gewas moet word. En nie net, soos in Dawid se geval, ná intense en ooglopende morele rebellie nie, maar in my gewone omgang?

Die Skrif skryf nie ’n aanhoudende, selfbehepte na-binne-kyk voor as die manier wees hoe ek in my gewete, in my karakter gedurig gewas sal kan word nie. Nee, dis eerder ’n openheid, ’n bewustheid. Deiselfde erkentenis waarmee ek na die doop toe kom. Die doop begin ’n nuwe bewustheid, ’n nuwe ingesteldheid, ’n nederige erkentenis dat ek aanhoudend gewas moet word.

Spurgeon beskryf hierdie ingesteld so innig en presies:

“True sorrow for sin is *eminently practical*. No man may say he hates sin, if he lives in it. Repentance makes us see the evil of sin, not merely as a theory, but experimentally—as a burnt child dreads fire. We shall be as much afraid of it, as a man who has lately been stopped and robbed is afraid of the thief upon the highway; and we shall shun it—shun it in everything—not in great things only, but in little things, as men shun little vipers as well as great snakes. True mourning for sin will make us very jealous over our tongue, lest it should say a wrong word; we shall be very watchful over our daily actions, lest in anything we offend, and each night we shall close the day with painful confessions of shortcoming, and each morning awaken with anxious prayers, that this day God would hold us up that we may not sin against him.

Sincere repentance is *continual*. Believers repent until their dying day. This dropping well is not intermittent. Every other sorrow yields to time, but this dear sorrow grows with our growth, and it is so sweet a bitter, that we thank God we are permitted to enjoy and to suffer it until we enter our eternal rest.” (C. H.
Spurgeon)

Dis die gees van reiniging wat die doop wil bring. ’n Kinderlike begeerte om voor God te lewe. Hy sal self deur sy Gees sy lig laat val op hoe ek van oomblik tot oomblik optree. Is ek oneerlik in hierdie gesprek. Selfs net deur voort te gee ek luister, maar ek is nie regtig liefdevole en volkome teenwoordig nie. ’n Kinderlike openheid deur my dag. ’n Begeerte om die Here nie te bedroef nie.

Die doop is ’n verbintenis aan die liggaam van Christus
Met my doop beeld ek uit dat ek nie sonder die kerk van Christus wil leef nie. Ek vereenselwig my met wat God deur sy Liggaam in hierdie wêreld wil doen. sonder om hierop uit te brei, so stel Paulus dit in …

Efesiërs 4:3-6
Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

Maar miskien luister jy vandag en wonder hoe jy met hierdie inligting moet maak as jy as kind gedoop is, sonder dat jy hoegenaamd ’n aandeel in jou doop gehad het, of selfs bewus daarvan was. Ek dink dit sou jou help om jou ouers se goeie intensies te eer. Hulle beloftes om jou van die Here te leer. In ons gemeente begelei ons ouers ook om sulke beloftes te maak. Om hulle kinders te bring en aan die Here toe te wei.

Maar as ons praat oor die doop, dan dink ons aan hoe Philippus vir die Etiopiese man gesê het toe die man gedoop wou word:

Handelinge 8:35-37

35 Filippus begin toe by hierdie deel van die Skrif en vertel hom die Goeie Nuus oor Jesus Christus.

36Langs die pad het hulle by water uitgekom. Die amptenaar sê toe: “Kyk, hier is water. Waarom kan ek nie gedoop word nie?”

37“Jy kan gedoop word,” antwoord Filippus, “as jy met jou hele hart glo”. Toe antwoord hy: “Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.” 38Die amptenaar laat toe die wa stilhou. Filippus het hom gedoop. 39 …[en] hy het vol vreugde verder gereis.